NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 ure | 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore, wat 'n standardiseringsvergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal nie in enige gesprek treë of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat daar verskillende menings oor sekere sake van beklemtoning of detail in die riglyne mag voorkom. Daar word ook toegegee dat indien die standardiseringsvergadering nie bygewoon word nie, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2019

## VRAAG 1 GEÏNTEGREERDE VRAAG: DIE GEOGRAFIE VAN DIE SUIDWES-KAAP – GEORGE EN OMLIGGENDE GEBIEDE

### 1.1 Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande

1.1.1 (a) Suid-Indiese antisikloon

(b) koue front

(c) kuslaag

(d) bergwinde


1.1.2 ENIGE TWEE VAN DIE VOLGENDE ANTWOORDE
- aankomende koue front
- laer temperature oor die binneland
- onbewolkte toestande oor die binneland
- hoë druk oor die land/ binneland
- Suid-Indiese antisikloon in lyn met SA / beweeg noord
- bergwinde langs die kus
- groot verskil tussen doupunttemperatuur en lugtemperatuur (binnelands)

1.1.3 ENIGE TWEE VAN DIE VOLGENDE ANTWOORDE
- krimping van die wind
- windspoed sal toeneem
- temperatuur sal daal
- reënval waar die front inbeweeg
- toename in lugdruk
- algemene konsep van weersomstandighede wat verander (wind / lugdruk / temperatuur)
- humiditeit verhoog
- verandering in doupunttemperatuur
- toename in wolkbedekking (cumulonimbus)

1.1.4

| | |
|---|---|
| Lugtemperatuur | **31 ºC** |
| Doupunttemperatuur | **3 ºC** |
| Windspoed | **20 knope** |
| Windrigting | **noordnoordwestelik** |
| Lugdruk | **1017 – 1020 hPa** |


1.1.5




**Punte vir**

- korrekte diagram
- konsep van lug wat vanaf die binneland na die kuslaag beweeg
- lug verhit soos dit teen die platorand afbeweeg

**OF**



1.2 1.2.1 1,3 ºC

1.2.2 Dit is as gevolg van die termiese gordel wat 'n temperatuurinversie in die vallei tot gevolg het.
Konsep van lug wat verander soos die hoogte verander (met verwysing na punt E en F).
Aspek – temperatuurverandering teen hellings

1.2.3 Al die koue lug versamel in die valleibodem wat veroorsaak dat dit baie koud is en enige vog op die grond sal ryp vorm.

1.2.4 Katabatiese / berg / hellingdaalwind / dalende lug / afwaartse helling.

1.3 1.3.1 Vals

1.3.2 Waar

1.3.3 Vals


1.3.4 Waar

1.3.5 Waar

1.4 1.4.1 G – waterskeiding / dreineerbekkengrens / dreineringskeiding / opvangsgebied
H – samevloeiing
I – meander/ hoefystermeer / rivierkronkel
J – monding

1.4.2 'n Geërfde (gesuperponeerde) dreineerpatroon ontwikkel wanneer die oorspronklike rotslae waarop die rivier gevloei het, deur erosie verwyder is en die rivier ontwikkel 'n stroomnetwerk wat glad nie verband hou met die rotslae en strukture waarop dit vloei nie. Die landskap is ouer as die rivier.
(**Kandidate mag verduidelik d.m.v. 'n skets.**)

1.4.3



1.4.4 Traliedreineerpatroon: Korter sytakke sluit by die rivier aan wanneer hulle teen die steil hellings van berge, soos plooigebergtes, af vloei. Hierdie sytakke sluit reghoekig by die hoofrivier aan. Afwisselende bande harde en sagte rots in parallelle bergreekse.

1.4.5 Enige TWEE van die volgende antwoorde
- voggehalte van die grond
- die gradiënt van die helling
- tipe reënval
- rotstipe
- tipe grond
- bedekking deur plantegroei
- tipe plantegroei
- poreusheid en deurdringbaarheid
- landgebruik

1.4.6 ENIGE TWEE TOEPASLIKE PUNTE

Daar word van die kandidaat verwag om te BESPREEK en kandidaat moet dus op elke punt uitbrei en dit verduidelik.

- Ontspanning
  Damme is ideale ontspanningsplekke met bootritte, waterski, kampering, pieknieks en bote kan te water gelaat word.
- Vloedbeheer
  Behalwe dat damme boere help, voorkom hulle ook lewensverlies en verlies van eiendom wat deur vloede veroorsaak kan word. Vloedbeheerdamme hou water terug en laat dit dan óf vry na die rivier onder die dam óf berg die water op óf lei die water af vir ander gebruike. Mense bou al vir baie eeue damme om met die beheer van verwoestende vloede te help.
- Berging van water
  Damme skep reservoirs wat water voorsien vir verskeie gebruike, insluitend: nywerheids-, munisipale en landboukundige gebruik.
- Besproeiing
  Gewasse word besproei deur die water wat in damme opgegaar word. Duisende werksgeleenthede word geskep omdat gewasse verbou kan word a.g.v. beskikbaarheid van besproeiingswater.
- Opwekking van elektrisiteit
  Hidroëlektrisiteit word as 'n omgewingsvriendelike vorm van krag gesien omdat dit nie bydra tot aardverwarming, lugbesoedeling, suurreën of afbreek van die osoonlaag nie.
- Afvalbeheer
  In sommige gevalle help damme om die omgewing te beskerm omdat dit gevaarlike stowwe terughou en sedimentasie – wat noodlottig kan wees – voorkom.

1.5 1.5.1 K – beplande onreëlmatig
L – roosterpatroon / rooster / reghoekig

IEB Copyright © 2019

1.5.2 Daar word van die kandidaat verwag om te BESPREEK en dus moet elke punt verduidelik word en daarop uitgebrei word.

L – ENIGE EEN VAN DIE VOLGENDE

- maklik om jou weg te vind
- maklik om die strate langer te maak / uit te brei
- maklik om erwe verder te verdeel en daarop te bou
- maklik om munisipale dienste by te voeg

K – ENIGE EEN VAN DIE VOLGENDE
- interessante patroon
- verbeterde verkeersvloei
- minder verkeersligte
- volg reliëf

1.5.3 (a) ENIGE TWEE TOEPASLIKE PUNTE
- hoë geboue
- gewoonlik is die straatpatroon 'n roosterpatroon
- goeie toeganklikheid / konvergerende transportroetes
- die meeste besighede (kommersieel) is in die SSK te vinde
- eiendomme is duur
- druk verkeer / besig / oorbevolk

(b) Dit is as gevolg van die grondwaardes wat so hoog is en belastings wat betaalbaar is. Om die meeste waarde te kry, word geboue hoër gebou. Konsep van gebrek aan ruimte.

1.5.4 (a) ENIGE TWEE TOEPASLIKE PUNTE
- padnetwerk
- busroetes
- riviere en water
- beboude gebied / voorstede
- spoorweë
- topografie / reliëf
- bushaltes
- transportroetes

(b) ENIGE EEN VIR ELK
- Bushalte
  – koördinate
  – hoogte
  – tipes busse
  – naam van busstop
  – bustye
  – naam van straat
  – aantal passasiers per dag

IEB Copyright © 2019

- Pad
  - lengte
  - koördinate
  - hoogte
  - tipe pad
  - materiaal waarmee pad gebou is
  - aantal motors wat die pad gebruik

1.5.5 (a) ENIGE TWEE TOEPASLIKE PUNTE

Daar word van die kandidaat verwag om te **ONDERSOEK** en hulle moet derhalwe elke punt verduidelik en daarop uitbrei.

- toegang tot SSK
- toegang tot nywerheidsgebiede
- toegang tot hoofweg
- korter pendeltye
- goedkoper vir die pendelaar
- minder verkeersopeenhopings
- verhoog mobiliteit
- maak paaie veiliger
- bevorder gesonder gewoontes

(b) Dit is 'n stad wat beplan is om mense van verskillende rasse van mekaar te skei en daar was 'n definitiewe poging om seker te maak dat hulle apart van mekaar sal ontwikkel. Daar mag bewyse wees van 'n buffersone.

1.6 1.6.1 Indringing en opvolging

1.6.2 ENIGE TWEE TOEPASLIKE PUNTE

Daar word van die kandidaat verwag om **KOMMENTAAR TE LEWER** en daarom moet elke punt verduidelik en daarop uitgebrei word.

- die behoeftes van die gebied verander
- gentrifikasie
- filtrering
- verandering in verkeerspatrone
- openbare vervoerstelsel word bekendgestel
- hoofpaaie verander die behoeftes in die gebied
- huurgelde word verhoog
- belasting styg
- verdigting
- stedelike vernuwing – ekonomie word gestimuleer / kriminaliteit verminder / area word opgehef

IEB Copyright © 2019 

1.6.3 ENIGE TWEE TOEPASLIKE PUNTE

Daar word van die kandidaat verwag om te **BESPREEK** en daarom moet hulle elke punt verduidelik en daarop uitbrei.

- toename in waarde van eiendom
- afname in waarde van eiendom
- kan tot gentrifikasie lei
- mense kan uit die gebied / na die gebied toe trek
- meer verkeer op die paaie
- meer misdaad
- verbeterde grondgebruik
- kan lei tot stedelike verderf

1.7

- Bespreek die belangrikheid van die verbouing van hop vir die landbou-ekonomie van Suid-Afrika. NB: 'n Redelike opstel word verhef tot 'n goeie opstel wanneer voorbeelde van elk van hierdie punte gegee word en daar op al die punte uitgebrei word.
  – nuwe werksgeleenthede
  – nuwe boere
  – meer uitvoere
  – nuwe mikrobrouerye
  – drinkgoed en kruiemedisyne
  – nuwe navorsingsfasiliteite
  toerisme bring vreemde valuta na 'n gebied toe

- Verduidelik hoe die toename in die plaaslike produksie van hop skakelnywerhede sal bevorder
  – dit sal bydra tot die produksie van bier
  – die bottelary-industrie sal baat vind
  – die glasindustrie sal baat vind
  – maak van etikette
  – kommersiële en bemarkingsnywerhede
  – in- en uitvoermaatskappye
  – verbetering in die handelsbalans
  – nuwe besigheidsgeleenthede
  – sentrums / universiteite vir die aanleer van nuwe vaardighede
  – kunsmismaatskappye sal baat vind
  – vervoerindustrie sal baat vind
  – advertensie-industrie sal baat vind
  – papier- en kartonindustrie sal baat vind
  – gort- en koringboerdery sal baat vind
  – tee- en koeldrankfabrieke sal baat vind
  – kunsmatigeligindustrië
  – besproeiingsmaatskappye
  – besighede wat kussings maak (kalmerende effek)
  – hop is antibakteries – kan gebruik word vir kruiemedisyne (o.a. vir slaaploosheid)

IEB Copyright © 2019


- Analiseer sommige van die uitdagings wat die bierbrouerye en die boere wat hop verbou, in die gesig staar.
  - Hop
    - nie ideale klimaat vir die verbouing van hop nie
    - klimaatverandering
    - droogte en wisselende reënval
    - grondeise
    - duur om te vestig en duur om werkers op te lei
    - beperkte geskikte grond
    - arbeidsonrus
    - vervoer deur die berge is duur (woord hoofsaaklik in George-omgewing verbou)
    - plaasaanvalle kom al hoe meer voor
    - afskep en diefstal van hop kan 'n probleem wees
    - kunsmatige lig is baie duur
    - geskikte stoorfasiliteite word benodig
    - peste en siektes kan opbrengs knou

  - Brouery
    - hoë belastings
    - sondebelasting
    - tekort aan vaardighede
    - tekort aan ondersteuning van die Staat
    - SA is 'n waterskaarsland en die brou van hop benodig baie water
    - waterbeperkings sal produksiekoste opstoot
    - beurtkrag kan daartoe lei dat groot hoeveelhede bier weggegooi moet word
    - omdat SA min streke het wat vir die verbouing van hop geskik is, sal hop dalk ingevoer moet word – hoë invoerkoste
    - hop het 'n kort rakleeftyd
    - kleinsake / mikrobrouerye sal sukkel om te kompeteer en lei onder die probleme in hierdie industrie

- Bespreek die belangrikheid van die bierbrouery-industrie vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.
  - skep nuwe werksgeleenthede
  - skep nuwe geleenthede vir skakelnywerhede
  - skep nuwe sentrums/ gebiede van ontwikkeling
  - ontwikkeling van SDI's en IDZ's
  - buitelandse valuta
  - beter handelsbalans (meer uitvoere)
  - ontwikkeling of verbetering van hawens waarvandaan hopbier uitgevoer word (Port Elizabeth-hawe, in hierdie geval)

| KRITERIA | PUNTE |
|---|---|
| *Skryfvaardighede*<br>• Neem struktuur en aanbieding in ag.<br>• Gebruik kort inleiding en slotsom.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte | **5** |
| *Inhoudskennis*<br>• Korrekte gebruik van geografiese terme en konsepte.<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte. | **14** |
| *Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip*<br>• Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudiemateriaal/ feitelêer/ bronmateriaal verskaf.<br>• Indien toepaslik, moet verwysing gemaak word na bekende/plaaslike of ander voorbeelde. | **5** |

- Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers.
- Pleks daarvan, *onderstreep relevante en toepaslike punte deur gebruik te maak van die volgende stelsel van kodes:*

<table>
<tr><td rowspan="6">AARDRYKSKUNDE SE KODES VIR OPSTELLE<br>E – Uitstekend<br>G – Goed<br>V – Vaag<br>R – Herhalend<br>I – Ontoepaslik<br>F – Aanvaarbaar</td><td colspan="2">INHOUD:</td></tr>
<tr><td>__________</td><td>Onderstreep relevante punte indien korrek</td></tr>
<tr><td></td><td>Omkring verkeerde punte</td></tr>
<tr><td colspan="2">BEWYSE:</td></tr>
<tr><td>( )</td><td>Sit hakies ( ) om bewyse</td></tr>
</table>

| **Kriteria** | **(Vlak 3)<br>Uitstaande – Goed** | **(Vlak 2)<br>Bevredigend** | **(Vlak 1)<br>Swak** |
|---|---|---|---|
| *Skryfvaardighede*<br>• Neem struktuur en voorstelling in aanmerking.<br>• Gebruik kort inleiding en slot.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte.<br>[5 punte word aan hierdie komponent toegeken] | Gepaste inleiding en slot.<br>Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk.<br>Onderopskrifte en paragrawe is effektief gebruik.<br>Opstel is kort, goed-gestruktureerd en kernagtig.<br>(4–5 punte) | Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie.<br>Pogings om onderopskrifte en paragrawe te gebruik.<br>Opstel dwaal van die punt af by tye en skiet tekort aan bondigheid.<br>(3 punte) | Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar.<br>Geen inleiding of slot word voorsien nie. Geen gebruik/ volging van onderopskrifte nie.<br>Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe.<br>Opstel is herhalend.<br>Kolpunte is dalk gebruik.<br>1 punt moet toegeken word vir enige poging om iets te skryf/ probeerslag.<br>(0–2 punte) |
| *Inhoudskennis*<br>• Korrekte gebruik van aardrykskundige terme en begrippe<br>• Volg onderwerp en onderopskrifte.<br>[14 punte word hiervoor toegelaat] | Toepaslike inhoud en gedetailleerde bespreking van die onderwerp.<br>Goeie gebruik van aardrykskundige terme en begrippe.<br>Toepaslike aantal feite voorgelê/onderopskrifte.<br>Minimum van 2 punte vir elke onderopskrif sal 10 punte vir kandidaat toegeken word. Verdere uitbreiding sal nog 4 punte verdien.<br>(10–14 punte) | Gebruik soms toepaslike inhoud.<br>'n Oorsig/algemene bespreking van sleutelkwessies.<br>Basiese gebruik van aardrykskundige begrippe en terme.<br>(50–60% van vereiste feite voorgelê/ onderopskrifte.)<br>1 punt/ onderopskrif, of 2 punte gegee en net 2 paragrawe.<br>(6–9 punte) | Afwyking van die onderwerp.<br>Swak begrip van begrippe en terme.<br>Oppervlakkige/swak bespreking.<br>Amper geen toepaslike feite/onderopskrifte.<br>(0–5 punte) |
| *Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip*<br>• Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudie-materiaal/feitelêer/ bronmateriaal verskaf.<br>• Indien toepaslik, moet verwysing gemaak word na bekende/plaaslike of ander voorbeelde.<br>[5 punte word aan hierdie komponent toegeken] | Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer.<br>Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf.<br>Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie/ feitelêer/ bronmateriaal in die konteks van die verslag.<br>Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoër orde integrasie.<br>(4–5 punte) | Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitelêer/ bronmateriaal gemaak.<br>Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word, is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld/ gevallestudie se materiaal het nie.<br>Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie.<br>Bespreking het geen diepte nie.<br>(3 punte) | Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie/ feitelêer / bronmateriaal nie.<br>Voorbeelde word nie verskaf nie.<br>Het min of geen aardrykskundige betekenis.<br>Min ontleding of begrip.<br>Demonstreer minimale begrip van die onderwerp.<br>(0–2 punte) |

IEB Copyright © 2019

## VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

2.1 2.1.1 C


2.1.2 F

2.1.3 E

2.1.4 B

2.1.5 A

2.2 2.2.1 (a)




2 punte vir die basiese diagram (lugvloei en wolke aan weerskante van die oog)

Indien planaansig geteken is, dan 0 vir die diagram

2 punte vir VIER benoemings (½ punt elk)

(b) Enige antwoord tussen oos en noordoos
Aanvaar NA W en SW

2.2.2 (a) ENIGE EEN TOEPASLIKE ANTWOORD
- oog
- oogmuur
- swaar reën
- sterk winde
- intense laedruk (onder 1000 hPa)
- draaikolk (werwel)
- die stelsel is benoem

IEB Copyright © 2019

(b)
- Tropiese siklone ontwikkel waar die water warm is omdat dit die stelsel voed.
- daar is ook geen wrywing oor die oseaan nie (slegs 1 punt)
- latente hitte / energie
- hoë vlak van verdamping
- hoë humiditeit
- onstabiliteit

(c) Die kandidaat kry punte om twee gevare korrek te **benoem** en korrek te **beskryf** hoe hierdie twee gevare die geboue beskadig het. Antwoord MOET met geboue verband hou

- Sterk wind
  – Winde wat sterker as 150 km/h waai sal dakke afwaai en puin sal oral rondwaai


- Swaar reën
  – Dit sal vloede veroorsaak en die riviere sal hulle walle oorstroom

- Stormstuwing
  – Groot golwe wat veroorsaak word deur die storm wat oor die see beweeg, sal die paaie en eiendomme wat reg teen die see lê, beskadig.

2.3 2.3.1 Die temperatuur styg met toename in hoogte.

2.3.2 Kalahari of Binnelandse Hoogdruk of Kontinentale HD (NIE KHD NIE)

2.3.3




2.3.4 Daar word van die kandidaat verwag om te **VERDUIDELIK** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.
- In die winter is die oppervlakte koel en die inversielaag is naby die grond en onder die platorand.

OF

- Omdat die oppervlak in die somer warmer is, word die inversielaag hoër op gedruk. (2 punte)

2.4 2.4.1 abrasie

2.4.2 oewer-tot-oewer vol

2.4.3 tussenrivierse gebied

2.4.4 knakpunt

2.4.5 kronkelverhouding

2.5 2.5.1 Terrasse / vallei in 'n vallei / nuwe vloedvlakte / getrap

2.5.2 Daar word van die kandidaat verwag om te **VERDUIDELIK** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.

Snelheid:
- Hoe vinniger die water vloei, hoe groter is die deeltjies wat vervoer word.
- Die rivier kan meer en groter deeltjies sediment vervoer wanneer dit vinniger vloei.

Grootte van deeltjies
- Klein deeltjies word laaste neergelê
- Die groter deeltjies word eerste neergelê.
- Kleiner deeltjies word makliker deur die stroom vervoer.

Neerlegging by Q
- Water vloei stadiger by die binnewal a.g.v. wrywing en deeltjies word neergelê.

2.6 2.6.1 ENIGE TWEE TOEPASSLIKE ANTWOORDE
- huise sal verwoes word
- besittings sal weggevoer word deur die water
- lewensverlies
- besoedeling en afval word versprei
- mense moet hervestig
- plantegroei word beskadig
- siektes kan versprei
- rivierwalle word weggespoel
- modderstortings

2.6.2 ENIGE TWEE TOEPASLIKE ANTWOORDE
- bou damme
- keerwalle
- bestuur vleilande
- beheer van die vloedlyn
- maak dreine skoon
- kanaliseer die rivier
- stuur die rivier in 'n ander rigting
- vestig plantegroei

2.6.3 Die kandidaat kan sê oorstromings kan of kan nie akkuraat voorspel word nie.
Daar word van die kandidaat verwag om **VOOR TE STEL** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.

| ***Kan*** *akkuraat voorspel word* | ***Kan nie*** *akkuraat voorspel word nie* |
|---|---|
| *Hou rekords van reënval* | *Kan nie voorspel waar die water gaan vloei nie* |
| *Hoë reënval van die verlede* | |
| *Gebruik stormhidrografieke* | |

2.6.4 Daar word van die kandidaat verwag om te VERDUIDELIK en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word. 2 punte vir elke punt/ idee:

- Gemeenskapsprojekte
  – maak riviere skoon / opvoeding van die gemeenskap / gebruik NRO's

- Afstandswaarneming
  – monitor die riviervlakke op 'n afstand, soos met satelliet webkameras of hommelvliegtuie

- GIS-kartering (Fokus op toepassing van konsep, nie terminologie nie)
  – buffer
  – gebiede wat geneig is tot vloede
  – kartering van gebiede waar daar variasies is
  – datalae
  – monitor verandering

IEB Copyright © 2019 

## VRAAG 3 LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

3.1 3.1.1 C droëpunt-standplaas

3.1.2 D poortdorp

3.1.3 C slaapdorp

3.1.4 B klassifikasie van nedersetting

3.1.5 C die maksimum afstand wat mense bereid is om te reis vir 'n diens.

3.2 3.2.1 'n Gebied aan die buitewyke van 'n stedelike gebied waar die stedelike en landelike gebiede bymekaarkom.
**OF**
Die oorgangsone waar landelike en stedelike grondgebruike meng en baie keer teenstrydig met mekaar is.

3.2.2 ENIGE TOEPASLIKE ANTWOORD
- vrugbare grond
- goeie klimaat
- water is naby
- toeganklikheid van paaie
- reliëf
- aspek
- boumateriaal of brandstof
- histories – verdediging, tradisie
- handel- en transportnodus

3.2.3 ENIGE TWEE TOEPASLIKE ANTWOORDE
- windbreuk
- goeie pad
- geboue is formeel en goed gebou
- plaas is gestruktureerd / reëlmatige tekstuur dui op monokultuur
- groot / uitgebreide boerderygrond
- besproeiingstelsel / eie waterbron beskikbaar

3.2.4 ENIGE TWEE TOEPASLIKE ANTWOORDE

Daar word van die kandidaat verwag om te **ANALISEER** en daarom behoort elke punt verduidelik te word en daarop uitgebrei te word.

- minder mense om die grond te bewerk / verlaagde produktiwiteit / verminderde voedselproduktiwiteit
- kleiner mark / ekonomiese agteruitgang
- meer geld sal aan meganisasie bestee word
- minder geleentheid om vaardighede aan te leer
- onderbenutting van dienste; sluit
- afname in dienste verskaf
- isolasie maak mens meer kwesbaar vir misdaad / misdaad vermeerder

IEB Copyright © 2019 

- demografie verander / gesinne breek op
- armoede
- plattelandse agteruitgang en verval

3.2.5 ENIGE TWEE TOEPASLIKE ANTWOORDE

Daar word van die kandidaat verwag om **VOOR TE STEL** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.

- skep werksgeleenthede
- ontwikkel vaardighede
- mense bly in die landelike gebiede
- teenverstedeliking
- voorkom dat mense na stedelike gebiede verhuis
- verbeter infrastruktuur
- trek meer dienste na die gebied toe aan
- bevorder toerisme in die gebied – stimuleer die ekonomie
- verhoogde plaasproduktiwiteit/ beter metodes
- Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief – verbeter lewenstandaard deur ekonomiese stimulasie

3.3 3.3.1 Aan die buitewyke van die stedelike gebied / naby industriële gebiede / oop grond

3.3.2 ENIGE EEN TOEPASLIKE ANTWOORD

Daar word van die kandidaat verwag om te **BESPREEK** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.

- beweging van mense na die stedelike gebiede
- nêrens anders om heen te gaan nie / formele behuising nie beskikbaar nie
- armoede / werkloosheid veroorsaak dat formele behuising nie bekostigbaar is nie
- arm vreemdelinge en / of vlugtelinge stroom in
- meer babas word in die nedersetting gebore

3.3.3 ENIGE TWEE TOEPASLIKE ANTWOORDE

Daar word van die kandidaat verwag om te **ASSESSEER** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.

- meer infrastruktuur
- meer sanitasie
- vermeerder van funksies en dienste beskikbaar (nutsdienste / formele behuising / rommelverwydering / sanitasie)
- verskuif besighede na die streek (desentralisasie)
- belastingaansporing
- verbeterde verskaffing van onderwys / vaardigheidsvebetering
- beter sekuriteit
- beter betaling / verhoogde minimumloon
- werkskepping
- voedselsekuriteit deur groentetuine of voedselprogramme
- mikrolenings aan kleinsakeondernemings

IEB Copyright © 2019

3.4 3.4.1 F

3.4.2 D

3.4.3 E

3.4.4 G

3.4.5 B

3.5 3.5.1 (a) 1986: 18 000 – 19 500 $km^2$

(b) 2016: 5 000 $km^2$

3.5.2 Daar was 'n algemene afname en ook stabilisering

3.5.3 ENIGE EEN TOEPASLIKE ANTWOORD

Daar word van die kandidaat verwag om te **EVALUEER** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.

- beter boerderymetodes, meganisasie
- meer kunsmis en onkruiddoders
- meer besproeiingskemas
- beter metodes van besproeiing
- meer kommersiële boere
- konsolidering van plase om grond en toerusting meer produktief te benut
- GGO's en hibriede sade

3.5.4 ENIGE TWEE TOEPASLIKE ANTWOORDE

- word gebruik om brood mee te maak
- word in meeste gebak gebruik
- word gebruik as ontbytgraankosse
- word as die hoofbindingsmiddel gebruik in die produksie van voedsel (glutien)
- stapelvoedsel / voedsaam
- voedselbron vir mens en dier
- goedkoop om te kweek
- maklik om te kweek

3.6 3.6.1 (a) Finansies, eiendom en besigheidsdienste.

(b) Tussen 75 miljard en 80 miljard rand.

IEB Copyright © 2019 

3.6.2
- Belemmer
  - tekort aan water/ droogte/ klimaatverandering/ wisselvallige reënval
  - geen minerale bronne
  - vêr van die markte (Gauteng)
  - verouderde infrastruktuur
  - arbeidskwessies
  - wisselende vreemde valuta
  - vervoerverwante kwessies
  - grond is duur
  - beurtkrag / onbetroubare kragvoorsiening
  - siektes / MIV/Vigs – verlaagde produktiwiteit
  - oorbevolking plaas hulpbronne en gebied onder druk
  - korrupsie / misdaad

- Bevorder
  - werknemers wat baie vaardighede het / baie arbeid
  - hawe
  - goeie infrastruktuur
  - toegang tot groot markte
  - belangstelling van beleggers
  - baie grondstowwe (verwerking van landbouprodukte)
  - kernkrag / alternatiewe kragbronne
  - toerisme bevorder skakelnywerhede
  - wateroordragskemas
  - beskikbare gelykgrond
  - industriële traagheid

3.6.3 Daar word van die kandidaat verwag om te **BESPREEK** en daarom behoort elke punt verduidelik en daarop uitgebrei te word.

- moontlik 'n hoër werkloosheidsyfer / VW meganisasie??
- nuwe geleenthede vir geskoolde arbeid
- ekonomiese groei in sektore
- nuwe skakelnywerhede
- stakings en protesaksie deur vakbonde
- verhoogde produktiwiteit en doeltreffendheid
- stabiliseer die ekonomie wat volhoubaarheid meebring
- vaardighede en onderwys verbeter
- vervaardig meer uitvoerprodukte – meer vreemde valuta
- verminder operasionele koste (meer produktief)

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2019